Sponsored by JOCK AFGRI ANIMAL FEEDS VEEVOERE Geborg deur

Nuus uit die SABT-Raad

SABT • SABBA

Bron: SABT Raad
Datum: 11 April 2011

2011 SABT-Raad

Die SABT se Raad vir 2011 het vir die eerste keer op 19 Maart vergader en hierdie verslag bied 'n oorsig van die belangrikste besprekings van die dag.

Die lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad is: Aldu le Grange (Voorsitter), Piet Visser (Ondervoorsitter), Alan Pittam (KwaZulu-Natal), Jakkie Erasmus(Oos-Kaap) en Thys von Solms (Wes-Kaap).

Die Raadslede is: Clint Gouws (Vrystaat), Frans du Toit (Noordwes), Koos van der Westhuizen (Noord-Kaap), Louis Botha (Gauteng), Marius Kotzé (Limpopo), Dolph Carstens (Europa) en Shirley Hagler (Noord-Amerika). Die posisie vir Mpumalanga is sedert die Algemene Jaarvergadering (AJV) vakant. Muhammed Vawda is genader om voorlopig as streekverteenwoordiger op te tree.

Lede is welkom on hulle verteenwoordigers in die Raad oor *enige* kwessie rakende die Vereniging en die Boerboel te kontak. Klik hier vir hulle kontakbesonderhede.

Kommunikasieprioriteite

Die Voorsitter, Aldu le Grange, het tydens sy bekenstelling by die AJV in Februarie hom tot beter kommunikasie binne die Vereniging verbind. Lede wat spesifieke sake onder sy aandag wil bring, kan die e-posadres chairman@sabt.co.za gebruik.

Hersiening van die SABT-Grondwet

Volgens die Voorsitter het verskeie lede reeds via nuwe skakels op die webtuiste, waardevolle insette vir oorweging deur die Grondwethersieningskomitee gelewer. Lede wat nog spesifieke voorstelle oor die toekomstige verkiesingsproses, samestelling van die Raad, die afbakening van streke, of enige ander grondwetlike aangeleentheid wil indien, kan hierdie direkte e-posskakel gebruik.

2011 Ledegeld en tariewe

In terme van die Grondwet, was ledegeld aan die einde van Maart betaalbaar, maar grasie word tot einde April toegestaan. Hernu asseblief u ledegeld om steeds die SABT se dienste te kan gebruik. Dit sluit nou ook toegang tot die databasis in. Sien Tariewe (*onder Downloads*) op die webtuiste vir besonderhede van alle dienste, of kontak die SABT-kantoor.

Ledetoegang tot die databasis

Lede vir wie die SABT e-posadresse het, het kennisgewings gekry dat hulle nou op die SABT se databasis kan 'ingaan' (*aanteken*). Dié nuwe fasiliteit is net vir opbetaalde lede beskikbaar. Dit bied toegang tot die register van telers en honde-eienaars en Boerboele wat by die SABT geregistreer is - dit sluit stambome in. Die aanlynregistrasie van geboortes is nou ook deel van hierdie afdeling en sal geaktiveer word sodra die Kantoor bewys van betaling ontvang.

Lede kan veranderinge aan hulle persoonlike en kontakbesonderhede self doen, maar moet steeds die SABT-kantoor kontak oor veranderinge/byvoegings tot die honderegister, bv. die uitslae van gesondheidstoetse. Dit is 'n veiligheidsmaatreël om die integriteit van die databasis te beskerm. Rig voorstelle vir verbeteringe aan Alan Pittam en tegniese navrae aan die Webmeester.

Identifikasie van die Swart Boerboel

Die Raad het herbevestig dat die Swart Boerboel nou as sodanig en nie meer as briekwa nie, geregistreer sal word. Dit sal ook op die databasis verander word vir swart honde wat voorheen as briekwa geregistreer is. Kontak die SABT-kantoor om sodanige veranderinge te versoek.

Mikroskyfies en DNS-toetse

Voortspruitend uit besprekings tydens die onlangse AJV en versoeke van lede vir uitsluitsel oor mikroskyfies en DNS-toetsing, het die Raad die onderstaande verklaring uitgereik:

"Die oogmerk moet wees om 'n profiel vir die Boerboel en die ouerskap van individuele honde te bepaal. Dit is nie nodig om vir hierdie doel op DNS-toetse en mikroskyfies vir alle honde aan te dring nie.

Mikroskyfies slegs in sekere gevalle verpligtend

Die SABT sal nie aandring dat babahondjies mikroskyfies moet hê vir die uitreiking van geboortesertifikate nie. Baie eienaars beskou die inplanting van mikroskyfies ook as te pynlik om op klein hondjies uit te voer.

Die aanbring van mikroskyfies is etlike jare reeds onder bepaalde omstandighede verpligtend:

- As 'n voorvereiste vir gesondheidstoetsing, bv. heupdisplasie en vaginale hiperplasie.
- Vir opname in die SABT-stoetregister.
- In honde wat uitgevoer word.

DNS-toetsing vir eers vrywillig

Die SABT Raad moedig DNS-toetsing aan, maar sal nie daarop aandring om Boerboele te registreer nie. Indien die hond se ouers wel getoets is, sal die toepaslike inligting op die registrasieserfifikaat aangebring word.

Die Raad is van mening dat verpligte toetsing te duur vir telers sal wees en dat dit nie nodig is om alle honde te toets om 'n profiel van die Boerboelras te bepaal nie ('n projek wat reeds deur die Vereniging geïnisieer is).

Lede moet kennis neem dat die SABT-grondwet (11.32) die Vereniging die reg gee om DNS-toetsing van lede se stoete aan te vra. Die Raad sal 'n stelsel van lukrake toetsing in die nabye toekoms instel.

Die afsit van sterte

Beverli Steenkamp het tydens die AJV verslag gedoen oor hoe sy deur die polisie en die DBV geteister is omdat haar hondjies se sterte afgesit is.

Die Raad moedig lede aan om die Docked Breeds Association of South Africa te ondersteun. Die DBASA sal dokumente oor die regsposisie voorberei wat lede onder andere kan gebruik indien die DBV persele probeer betree, of veeartse dreig om hulle te vervolg. Besoek die DBASA-webtuiste of kontak Marie Knight by 083 629 6975, owlsrest@sagateway.com vir nadere besonderhede.

Artikels van belang op die SABT-webtuiste is: Argumente vir en teen die afsit van sterte; KUSA: Geen wet verbied afsit van sterte; Afsit van sterte: Regsmening.

Skakeling met KUSA

Die Raad glo dit is in belang van die toekoms van die SABT om deel te neem aan inter-organisasie vergaderings wat KUSA reël. Die Vereniging se insette sal op 'n eenvormige rasstandaard en keuringsisteem en die gesamentlike aanbieding van kursusse fokus. KUSA sal waarskynlik in die toekoms oorkoepelend na die handhawing van hierdie standaarde omsien.

Rotasie van die AJV en Nasionale Skoue

Die Raad stem saam dat alles moontlik gedoen moet word om die SABT 'na lede te neem'. Die plan is om - waar prakties en finansieel haalbaar- in verskillende provinsies te vergader. Daar is reeds op die volgende datums en plekke ooreengekom:

- 2012 Algemene Jaarvergadering: 18 Februarie, Kaapstad, Wes-Kaap.
- 2011 Nasionale Skou: 3 September (voorlopig), Pretoria, Gauteng.
- 2012 Nasionale Skou: April, Bloemfontein, Vrystaat.

Bestudeer die Program gereeld, of kontak die organiseerders vir opdaterings.